

# URAL Winter - rit in Oostenryk



**E**k en die beduidende ander het nog so gerap oor die uitnodiging na die First Ural Austrian Winter Ride toe ons besluit – vir wat nie? Ons kry toe nou al vir 5 maande lank warm en daar is nog geen einde in sig in sonnige Suid-Afrika nie. Nie ek of hy het al regte egte Europese sneeu ervaar nie, dis bietjie tyd dat ons ons seisoenale horisonne verbreed. En om dan Ural-ry en besigheid as 'n dekmantel vir hierdie avontuur te hê – wat beter, skryf ALPHA GREEFF



## Gear Up



Ural ry Oral  
Langpad... Kortpad  
Teerpad... Grondpad

## Kies jou pad



[www.sidecarafrica.co.za](http://www.sidecarafrica.co.za)

E-pos: [info@sidecarafrica.co.za](mailto:info@sidecarafrica.co.za) Sel: 082 447 5117

Nuwe modelle



SIDECAR  
AFRICA

nou beskikbaar by:



Tourist

**Soos enige een wat onlangs aansoek gedoen het vir 'n Schengen of Oostenrykse Visum sal weet, dis 'n intimiderende proses en ek is vas oortuig hulle gaan een van die dae regtig bloed ook wil hê want dis al wat nou kortkom.**

Ons sit grootogg die aand voor ons vertrek en kyk na die nuus – Frankfurt-lughawe is toegemaak oor die storms en sneeu en ys. Wel, gelukkig verander die weer en ons is op pad.

Met ons aankoms die Dinsdag lê die wêreld wit van die sneeu en elke nou en dan moet ons, ons monde wat so oophang toemaak. Dit moet ons sonnige, vriendelike glimlagte wees maar by Vrydag het baie van die sneeu gesmelt na die temperatuur redelik gestyg het en dit lekker gereën het. Die Oostenrykers is in opstand, dis klimaatsverandering ens. ens., ongehoord!

Ons Oostenrykse gashere is Hari en Birgit, van Ural – dit is die mense wat ons Ural-lewens in Afrika moontlik maak aangesien Sidecar Africa al die Urals via Hari van Irbit

in Rusland, invoer.

Vrydagoggend breek aan en danksy Hari en Birgit se ongelooflike vrygewigheid word ons toe uitgerus met die nodige winter-ry-klerke. Hulle was beleefd oor die kledingstukke wat ons gebring het maar dit was gou duidelik dat ons Cape Union Mart sokkies en lang onderbroeke nie genoeg gaan wees nie.

### Het gevoel of ek op een van daardie hondeslee sit – wou net gil Mush! Mush!

Ons moes ry van Linz, in die noorde van Oostenryk, na die Prandegg-kasteel so 100km oos van Linz, buite die dorpie Schonau in Muhlkreis. Na middagete die Vrydag, stoei ons onself in klere en stewels in. Ek was 'n apie in skaapvel – enigste manier wat ek dit kan beskryf is soos 'n slaapsak gemaak van 6 skaapvelletjies. Hari en Birgit het dit laat maak toe hulle Noorwee toe is met die syspan in die winter. Teen die tyd wat ek in die syspan gesit het, kon ek nie meer vreeslik beweeg nie en was ek ongelooflik

dankbaar vir die winterklere en die slaapsak. Het gevoel of ek op een van daardie hondeslee sit – wou net gil Mush! Mush!

My ryer het homself in Hari se eenstuk *super winter overall* ingewurm en gewriemel. Ou Felix Baumgartner (die Aussie wat uit die Red Bull Stratos geskydive het - RED) sou jaloers wees. Ons het gelê soos ons lag want toe tap die sweet hom letterlik af. Buite op die syspan het die handvatsels sulke groot oondhandskoene aan – dit is daar om die ryer se hande te beskerm. Die eerste paar draaie was 'n bietjie huiwerig het ek gedink, maar wat weet ek nou – ek's net 'n aap in skaapkleres.

Selfs in Oostenryk moet ons ook maar eers uit die stad kom en toe ons uiteindelik die meer landelike agterpaadjies tref, verander alles. Hoe heerlik. My ryer vertel vir my oor en oor hoe goed sy indrukwekkende eenstukpak werk en hoe dankbaar hy is vir regte egte *sub-zero* sneeu-stewels en sy reuse *oversized* oondhandskoene.

### Ons gaan verken die ruïnes



# Gear Up



Ural ry Oral  
Langpad... Kortpad  
Teerpad... Grondpad

# Kies jou pad


## van die Kasteel Prandegg en sien 'n houtperd tussen al die ysterperde.

Wanneer mens in 'n vreemde plek ry en nie weet hoe ver jy van jou bestemming is nie en al jou sintuie besig is om 'n nuwe wêreld te prosesseer, neem tyd altyd vir my 'n ander dimensie aan. Die kleur en lig bly dieselfde maar daar is geen aanduiding waar die son is nie. In hierdie tydlose selfde lig kom ons by die Prandegg-kasteel aan. Die herberg is vir die volgende 2 dae ons basis. En net soos met ons eie syspan trippies kom nog mense aan en is daar 'n algemene gevoel van welwillendheid gedurende die verloop van die middag. Ons gaan verken die ruïnes van die Kasteel Prandegg en sien 'n houtperd tussen al die ysterperde. Die eienaar van die Prandegg Taverne en herberg, Franz is baie trots op wat hy hier gedoen het en reggekry het, met reg, en wys persoonlik vir ons die herberg en taverne se verhittingstelsel.

'n Oostenrykse paar, Ingrid en Peter, wat goed Engels praat, onferm hulle oor ons en ons gesels lekker. Hulle vermaak ons met die storie van die wilde bosvark wat Ingrid die vorige week in die woud geskiet het. Sy is 'n kranige jagter, hierdie klein vrouwtjie wat nie lyk of sy 'n vlieg kan doodmaak nie. In elk geval, sy skiet 'n wilde vark en die ding is toe te groot om agter in haar Jeep te laai. Geen probleem, sy bel gou vir Peter wat met sy Ural Gear-Up kom en hulle laai die vark in die syspan – nes 'n apie! En dit gebeur in die land van Mozart en sjokolade!

Na donker kom twee baie nat, eintlik papsopnat, Ingelsmanne daar aan. Hulle ry toe nou al twee dae lank in hierdie gietende reën om by die Ural Winter Sneeurit aan te sluit. Op pad het hulle 'n draai gemaak by die Elefantentreffen nabij Salzburg, een van die grootste en oudste winter motorfietsrallies in Europa. Op die ou end eindig ons almal die aand onder 'n strandsambrel by 'n groot vuur en geniet almal hulself gate uit.

Saterdagoggend word Hari se siel uitgetrek en moet hy baie tergery verduur want die beloofde *'in the castle ruin of Prandegg there is always snow at the beginning of February and a guarantee*



[www.sidecarafrica.co.za](http://www.sidecarafrica.co.za)

E-pos: [info@sidecarafrica.co.za](mailto:info@sidecarafrica.co.za) Sel: 082 447 5117

Nuwe modelle



nou beskikbaar by:

SIDECAR  
AFRICA

 URAL  
RUSSIAN SIDECARS



Tourist



*of cold conditions'* wat in die uitnodiging staan, is nie besig om te gebeur nie. Orals is daar net waterpoele en modderpasse in plaas van sneeuvalkies en wit landskappe. Eintlik smelt die sneeu voor ons oë en dit reën nog steeds een stryk deur.

Wil net gou vertel van die ongelooflike Duitse paar wat ek ontmoet het. Hy is 'n reus van 'n man met 'n wegkrag-en sy lyk bietjie soos 'n feitjie met sulke blou ogies en rooibruien hare. Nie bloedjonk nie. Hy dra 'n groen leerjas wat tot onder sy knieë kom. Ek is nuuskierig en vra toe waar kry mens so 'n jas. Nee sê sy, hy was te groot vir een jas – dis 'n Switzerse Weermagjas – toe koop hulle twee en sy maak vir hom een jas wat pas uit die twee! Sy was ook vinnig om my te vertel sy het per geleentheid vir hom een helfte van 'n trui op pad na 'n motorfiets-rally gebreel en die ander helfte op pad terug! Wil jy nou meer – hulle kom van net anderkant Frankfurt en dink Skotland is die beste land in die wêreld om motorfiets in te ry. Hulle kon iets uit 'n sprokie gewees het.

Nadat Hari en Birgit almal bymekaar gekry het en die Ingelse se Ural van genoeg water ontslae geraak het om aan die gang te bly, val die konvooi in die paadjie. Dis 'n paadjie wat deur woude kronkel, opdraand en afdraand oor heuwels en verby plaashuise en oor stroompies wat nou meer na riviere begin lyk met al die smeltende sneeu en reën van die afgelope 12 ure.

Die eerste 2km stres ek oor hoe ons hierdie

nat storie teen hierdie hellings gaan oorleef. Gelukkig met 'n kombinasie van Ural-toorkrag en die feit dat ek nie veel kan sien deur my opgestoomde visor nie, is dit nie lank nie toe geniet ek myself gate uit. My ryer is natuurlik in volle beheer – wie sal nie wees met reuse oondhandskoene oor jou gewone handskoene nie?

'n Woud op voetsool vlak is darem heeltemal 'n ander ding as om met 'n motor daardeur te ry. My gedagtes het bly teruggaan na die Wêreld Oorloë wat op Europese grond baklei is in omstandighede soos waardeur ons nou ry en al wat ek kon wonder was – hoe op aarde het enige iemand dit oorleef?

### My gedagtes het bly teruggaan na die Wêreld Oorloë wat op Europese grond baklei is in omstandighede soos waardeur ons nou ry.

Op 'n baie vroliker noot – net toe lekker begin minder lekker word en my koue voete begin dreig om die oorhand te kry en ek die stryd teen die waterpoeletjiebestuur begin verloor, toe stop ons vir middagete in Gutau. Moes lag want presies dieselfde as met ons ritte is daar altyd een ryer wat nie afdraai nie ens. ens. ens. Uiteindelik is

almal daar en ons gaan in.

lets waaraan ons glad nie gewoond is nie, is die uittrek van miljoene lae klere en dan plek soek om die nat goed op te hang. Nat handskoene, baadjies, helmets, daar moet plek gesoek word hiervoor en verkieslik érens waar dit bietjie kan uitdroog. Ook verbaas gewees om te sien dat een van die kelners die vloere moet opdroog toe ons eers almal sit.

Nie lank nie toe kuier almal heerlik. En net toe ek sit en dink hoeveel ek dit geniet en hoe gemoedelik hierdie spul ryers saamkuier, toe begin dit buite sneeu. Die spreekwoordelike kersie op die koek.

Die rit terug na Prandegg is heerlik want sneeu-ry is 'n grootte nuutjie vir ons. Dit reën nie meer nie en die hele wêreld lyk sommer anders. Dit ruik en klink ook anders. Terug by Taverne Prandegg, wys Franz vir ons sy tradisionele bakkery en die museum waarmee hulle besig is. Ongelooflike energie en entoesiasme wat die man aan die dag lê.

### Ryno het aangeneem sneeu ry mens bo-oor soos sand – nie binne-in nie!

Nie lank nie toe stel Hari voor dat ons 'n paar foto's in die sneeu neem met die syspanne. Dit vat toe mos nou geen oortuiging om ons Suid-Afrikaners te kry om in die sneeu te ry nie! Snaakse ding was Ryno het aangeneem sneeu ry mens bo-oor soos sand – nie binne-in nie! Nou ja toe's dit 'n wonderlike verskoning om nog

# Gear Up



Ural ry Oral  
Langpad... Kortpad  
Teerpad... Grondpad

# Kies jou pad



'n Ural te kry om Ryno uit te sleep. Weet nie wie het hierdie meer geniet nie, Ryno wat in die sneeu in gery het nie, Hari wie se idee dit als was of die ryer wat Ryno uitgesleep het!

Ons sit nog so ons dors en les nadat ons vermaak was, toe 'n wit motor buite stop. Die motor lyk soos iets uit 'n vorige politiese era. Nadat Pavel vir Hari en Birgit gegroet het kry ons ook 'n kansie om met hom te gesels. Die motor is 'n Volga (25 jaar oud) en dit het hom 5 ure geneem van Tsjeggo-Slovakeie om by ons aan te sluit. Hy wou maar net kom groet!

Hierdie is die man wat ons Ural Noodhulpkissies maak en pak, ook die Baroholka-bokse – Ural 'panniers' as mens dit so wil noem. Die noodhulpkissies vir die Ural-fietse is bietjie soos die 'lucky packets' van ons kinderdeae. Mens weet nooit wat jy gaan kry nie. Almal het 'n klein botteltjie Wodka in, party het kougom in en party het blikkies vis in. Pavel het lekker gelag toe ons vir hom sê nog nie een van ons kon die moed bymekaarskraap om die vis te eet nie, maar ons het almal al ons Wodka opgedrink. Interessante mens – praat Tsjeggies, Russies, Engels en 'n bietjie Duits.

Teen hierdie tyd was dit al donker en het ons weer by ons groot vuur bymekaar gekom. Ons het die sneeuvallokkies dopgehou en kuier te heerlik – ek het nie geweet daar is verskillende soorte sneeuvallokkies nie? Ons het twee duidelik kon sien. Eindelik is dit tyd om ons koets

te gryp voor ons perde, muise word en die pad te vat huis toe. Ons tweetjies bly so 2km weg by Onkla Peda, 'n gastehuis. Net om aangetrek te kom vir hierdie kort ritjie is 'n uitdaging.

Ek het die *locals* dopgehou (fyn) en die volgende geleer. Jy maak elke knopie, zippie, lussie en bietjie Velcro vas en toe, en jy trek jou handskoene aan en sit jou helmet op jou kop voor jy uitgaan. Omdat dit binne lekker warm is en die klere baie effekief is, is dit rofweg 3 minute voordat jy voel of jy in 'n sauna staan. Ek kon myself soms skaars keer om nie uit te hardloop voor ek aan hitte-uitputting ineenstort nie!

In elk geval, aangetrek en gepantser teen die koue pak ons die 2km aan. Nou weet ek waar Stille Nag vandaan kom – ek het nooit myself kon voorstel hoe stil die woud en die wêreld word wanneer dit sneeu nie. Dis asof dit nie net klank demp nie, dit verorber klank? Ongelooflik mooi en stil en ons ry regtig lekker, tot ons moet draai. Dis 'n 90° draai regs op 'n gelyke stukkie pad, niks om oor te bekommern nie behalwe dat die draai van die voorwiels hoegenaamd geen waarnembare effek het nie. Ons hou eenvoudig aan vorentoe beweeg asof niks gebeur nie! Hmm, hierdie kan nogal vir afleiding sorg! Gelukkig het ons eenvoudig tot 'n stilstand gegly, agteruit gery en dit stadiger gedoen en daar gaan ons weer.

**Ongelooflik mooi en stil en ons ry regtig lekker, tot ons moet draai.**

Sondagoggend is die weer presies wat Hari ons belowe het – die wêreld is spierwit en dis yskoud. Dit het heelnag gesnee en alles lyk anders. Die dag wat almal huistoe gaan is die weer perfek – nie die eerste keer wat ons dit oorkom met 'n syspantrippië nie. Ons gaan groet en val saam met Hari in die pad Marchtrenk toe, terug na die stad en die alledaagse gejaag.

Dit was 'n belewenis hierdie First Winter Ural Ride en ek het tot die volgende twee gevolgtrekkings gekom:

Een – wie het nou anti-depressante nodig as jy sneeuvallokkies het, en

Twee – maak nie saak wat die weer doen nie, dis altyd 'n fantastiese plan om jou Ural te ry. ↗

**Fotos:** BI. 18 & 19: Ons ry in die sneeu in; BI. 20 (van links): Die ruines van Kasteel Prandegg van bo af gesien; Modderplasse en waterpoele - waar's die sneeu!; Taverne Prandegg soos gesien van die kasteel se mure af; Die Duitse paar uit 'n sprokie uit; BI. 21: 'n Houtperd tussen al die ysterperde; BI. 22 (van links): Mush! Mush! 'n Aap in skaapkleres; Op op op, af af af; Ons kuier om die vuur onder 'n strandsambrel; BI. 23 (van links): Hierdie mense het elfuur die Saterdagdaand aangekom - wonder hoekom; Ons sneeuponie onder sneeu; Kronkel-kronkel deur die woud. ↗



KLIK HIER VIR VOLLEDIGE KIEKIE ALBUM

[www.sidecarafrica.co.za](http://www.sidecarafrica.co.za)

E-pos: [info@sidecarafrica.co.za](mailto:info@sidecarafrica.co.za) Sel: 082 447 5117

Nuwe modelle  
nou beskikbaar by:



SIDECAR  
AFRICA



# Tourist